MIDSTREAM RIDGE
EXCELLENTIA

# RAKER

R — Respek / Respect
A — Authentic / Oorspronklik
K — Kreatief / Creative
K — Kommunikasie / Communication
E — Entoesiasme / Enthusiastic
R — Responsibility / Verantwoordelikheid

> As jy agter raak, hardloop vinniger. Moenie opgee nie, moenie oorgee nie, en styg bo alle verwagting uit.

## Uit die Hoof se Kantoor



SPRINGBOK



Net soos die temperatuur styg in Suid-Afrika, net so styg die Bokkoors!

Ons vertrou dat die opgewondenheid oor die Donkie Derby by u net so hoog loop.
Ons nooi u weereens hartlik uit om Vrydag heerlik te kom saamkuier. Hierdie geleentheid is die laaste pret voor leerders die eksamen in alle erns aanpak.

Ons herinner u ook om u getekende Sosiale Media onderneming, asseblief Maandag terug te stuur skool toe.

## INLIGTING

### EXCELLENTIA PRYSUITDELING

Neem asseblief kennis dat die *Excellentia Prysuitdeling,* wat oorspronklik geskeduleer was vir die laaste skooldag, nou geskuif het na Woensdag, 8 November.

### GR. 4–7 NOVEMBER EKSAMENROOSTER


Druk asseblief op die onderstaande skakel vir die

**EKSAMENROOSTER: NOV 2023**

### OKT – DES 2023 KALENDER

Druk asseblief op die onderstaande skakel vir die skoolkalender vir die oorblywende maande van 2023. Die gedeeltes wat in geel uitgelig is, is veranderinge of byvoegings.

**OKT – DES 2023**





# RAKKER KRIEKETSTERRE

Welgedaan MRP o.12 A-span!! Ons is ongelooflik trots op ons seuns wat die *NCU A-liga* Semifinaal teen *Laerskool Lynnwood* gewen het. Dié span het as oorwinnaars, na 'n harde wedstryd, met 9 lopies uit die stryd getree.
Sterkte met julle finaal op Dinsdag, 31 Oktober.





Baie geluk aan die volgende seuns wat by die onderskeie *Titans* Krieketspanne ingesluit is:
Jean Boshoff o.12 *Titans Navy* Span
Keegan Gibson o.13 *Titans Sky* Span
Luan Smit o.12 *Titans Sky* Span
Ons is so trots op julle!

---

Op Saterdag, 28 Oktober hou TRUTH hul eerste egte *Bibliathon*, waartydens ons die *Bybelgenootskap van Suid-Afrika* help om fondse vir Bybelverspreiding in te samel.
Dit is 'n hardloop/loop-gebeurtenis waar spanne of individue teen mekaar meeding om die meeste 1 km-rondtes in 90 minute te voltooi. Hekke open om 10:00 en die resies vind van 10:30 tot 12:00 plaas. Om 12:30 word gelukspryse oorhandig, asook pryse vir die meeste rondtes deur 'n span of 'n individu voltooi. Leerders en ouers mag deelneem.  Daar sal ook 'n baan vir deelnemers wees, wat hul honde wil bring om te loop. Kos en water sal vir honde, in hul baan, beskikbaar wees. Daar sal ook verskeie kosstalletjies wees om van te kies. Kom geniet die dag saam met ons, met Christelike musiek en pret vir die hele familie.
Nooi gerus u vriende en familie.
Volg asseblief die onderstaande skakel vir: **INSKRYWINGS**
Kaartjies sal ook vanaf 10:30 by die hek beskikbaar wees.






## PROGRAM

| | TYD | AKTIWITEIT |
|---|---|---|
| | 15:30 | HEKKE OPEN |
| | 16:00-20:30 | Springkastele |
| | 16:30-17:00 | Skou-Parade Graad 1 - 7 |
| DONKIE DERBY RESIES BEGIN 17:00 | | |
| 1 | 17:00-17:15 | Graad 6 |
| 2 | 17:20-17:35 | Graad 1 |
| 3 | 17:40-17:55 | Graad 5 |
| 4 | 18:00-18:15 | Graad 2 |
| 5 | 18:20-18:35 | Graad 4 |
| 6 | 18:40-18:55 | Graad 3 |
| 7 | 19:00-19:15 | Graad 7 |
| | 19:30 | PRYSOORHANDIGING |

**Die volgende kleure word aan elke graad toegeken:**

| Graad 1 | Graad 2 | Graad 3 | Graad 4 | Graad 5 | Graad 6 | Graad 7 |
|---|---|---|---|---|---|---|



Die opwinding oor die Familiedag loop hoog! Hekke open 15:30 en toegang is R20 (kontant) per persoon. Die ruiters (leerders) kan reeds van vroeg af op 'n verskeidenheid springkastele baljaar. Die parade is die voorloper van die groot resies waaraan al die ruiters gaan deelneem.

Ouers word aangemoedig om in die spesifieke kleurgekodeerde graad-area te kom saamkuier. Indien u 'n kind in meer as een graad het, is u welkom om tussen die grade beurte te maak om sodoende nuwe vriende te ontmoet. Onthou asseblief kampstoele.

Die volgende kosstalletjies sal beskikbaar wees: koffie, Chip & Dip, doughnuts, slushies, churro's, roomys, alkoholvrye drankies, Sweets from Heaven en boerewors rolle. U kan die *Ridge Snoepie* webblad vir meer inligting besoek: **https://theridgetuckshop.co.za/**

U is ook welkom om u eie piekniekmandjie te pak of om 'n vleisie te kom braai.
U moet asseblief net u eie (gas)braaier saambring.

Ons donkies gaan almal pragtig lyk, maar om hul die nodige woema te gee, kan u 'n vrywillige donasie van enige bedrag vir u kind se klas-donkie(s) maak.

Daar sal 'n barometer by die skool wees om aan te dui watter klas se donkies die meeste ondersteuning geniet. Een klas in die grondslagfase en een klas in die seniorfase, wie se donkie die beste ondersteun word, sal 'n spesiale verrassing ontvang.

Daar is ook op die dag van die resies pryse in verskeie kategorieë te wen.

In die gees van welwillendheid, wil ons ook graag die *Highveld Horse Care Unit* ondersteun. Verskeie pryse kan gewen word wanneer u 'n kaartjie koop om dié organisasie te ondersteun. Kyk asseblief uit vir hul stalletjie. U vrygewigheid kan 'n groot verskil maak.

Baie dankie dat u deel van ons skoolfamilie is.

A+ STUDENTS™
Genius Mathematics

Baie geluk aan die volgende leerders wat tydens die *A+ Nasionale Kompetisie* in Durbanville in die Kaap, wat op 7 Oktober plaasgevind het, uitstekend presteer het. Baie geluk aan **Wihan Starke**, wat vir die Suid-Afrikaanse span gekies is.

Clara Rozendaal (2A1) Silwer
Arhaan Mohabir (E3) Brons
Michelle Rudolph (3A1) Goud
Emma Roets (3A3) Kampioen
Uthmaan Sahib (4E1) Goud
Kian Rozendaal (4A3) Goud
Xander Coetzee (4A2) Kampioen van Kampioene
Li-Ané Starke (4A1) Goud
Christo van der Merwe (5E3) Brons
Simoné Clark (5A1) Silwer
Wihan Starke (7A2) Goud
Julle hou verseker MRP se naam hoog!




UNIFORM WINKEL




KOMPETISIE

RIDGE BOEKWINKEL

Bestel nou u kind se boeke vir 2024. Die afsnydatum vir bestellings is Vrydag, 15 Desember. Ons moedig u egter aan om u bestellings so gou moontlik te plaas om teleurstelling te voorkom.




RIDGE BOEKWINKEL

BREINKRAG




BREINKRAG